HOËRSKOOL FICHARDTPARK

FICHIES - NUUSBRIEF

Tel: 051 522 6927 | Faks: 051 525 2043 | Epos: fichpos@fpark.co.za

UIT DIE HOOF SE KANTOOR

Met die eksamen in volle swang glo ons dit gaan goed met elke leerder. Dankie aan ouers wat hulle kinders so mooi ondersteun en bystaan. Baie dankie vir die spesiale dag wat die skool vir my gereël het op my verjaarsdag.

BEGROTINGSVERGADERING: DONDERDAG 8 NOVEMBER

Dankie aan die ouers wat die vergadering bygewoon het.
Die skoolfonds vir 2019 is dan as volg:
Skoolgeld per leerder:
Aanvangsheffing (betaalbaar op 9 Januarie 2019) – R1400,00
R1450.00 vir 10 maande – R14500.00
Totaal per jaar: R15900.00

OF

Eenmalige betaling van R15900.00 (korting van R725.00 sal ontvang word indien u dit voor 1 Maart 2019 vereffen.)
Indien u besluit om u gelde oor 10 maande af te betaal is dit betaalbaar vanaf einde Februarie 2019 tot November 2019.

JAARBLAD 2018

Bestel en betaal 'n Jaarblad @ R100 by die finansiële kantoor. As jy jou geld bywyse van EFT betaal het, handig die betalingsbewys in by Me. E Gouws.

REëLINGS MET EKSAMEN OP VRYDAG 16 NOVEMBER

Leerders meld Vrydag 16 November aan om 07:20. Skryfbeurt begin om 07:30.

PERSONEELPRESTASIES

Baie geluk aan Mev. Mariska van Staden wat verkies is tot die Suid-Vrystaat Hoërskole Hokkie bestuur.

MODELWERK

Baie geluk aan Jo-Andri Jansen van Vuuren (gr 10) wat op 8 November as Mev Bloemfontein Tiener Eerste prinses vir 2018/2019 gekroon is.

FONDSINSAMELINGSFUNKSIES

Ouers ondersteun gerus die volgende fondsinsamelingsprojekte:
Gholfdag 24 November: Tempe Gholfbaan – Kontak Jaco by 082 374 8119
Boemelaarsdans: 30 November ten bate van die Cheerleaders – kontak Louise by 083 561 6526, Caroline by 082 797 6102 of Nico by 072 887 4889.

KLEREBANK TYE

Die klerebank sal gesluit wees vanaf Woensdag 14 November 2018. Vir dringende aankope kontak die kantoor. Die graad 8 (2019) hempies is egter deurlopend by die Finansiële kantoor beskikbaar.

Klerebank tye 2019:

Vrydag 4 Januarie 17:00 – 19:00
Maandag 7 Januarie 13:00 – 15:00
Dinsdag 8 Januarie 11:30 – 13:30
Woensdag 9 Januarie 14:00 – 15:00
Donderdag 10 Januarie 14:00 – 15:00

WISKUNDE UITDAGING (AMESA)

Geluk met die mooi uitslae!

Elandri Crafford: gr 11 – bo 80%.
Alida Grobbelaar: gr 9 – Sewende plek
Elané Bekker: gr 9 – Twaalfde plek

Wiskunde Geletterheid Uitdaging (Amesa)

Graad 10
Diandré Victor: Vyfde plek
Brigitte Haddad: Agtste plek

Graad 11
Lehan Schnetler: Tweede plek
Johan Steyn: Vierde plek
Stefan van Heerden: Twaalfde plek
Shaun Potgieter: Twaalfde plek
Lené Baker: Twaalfde plek

Graad 12
Kyla Lessing: Vyfde plek
Melissa Cloete: Vyfde plek

VOORTREKKERS

Na die Algemene Jaarvergadering en Prysuitdeling in die Omni Sentrum is die volgende toekennings gemaak.

Offisier van die jaar:	Jaco Erwee
Verkenner van die jaar:	Anné Ferreira
Wenspan van die jaar:	Graad 11 seuns, Wildehonde.

FICHIE-GROETE